

Selfsugtigheid pas nie in God se plan nie

Nadat Abram en sy mense deur die farao uit Egipte gejaag is trek hulle terug na die plek waar hy voorheen 'n altaar gebou het. Nou lees ons weer dat Abram die Naam van die Here aanroep. Dis opvallend dat ons niks van Abram se diens aan die Here gelees het toe hy in Egipte was nie. Hier by die altaar is daar weer nuwe hoop. God se mense is terug op God se pad! Sy koninkryk gaan voort.

Satan probeer dadelik om die vestiging van God se koninkryk te ondermyn. Daar ontstaan konflik tussen Abram en Lot se veewagters. Die Here het hulle geseën met baie besittings, maar juis hierdie rykdom bedreig nou die onderlinge vrede. Die mens se selfsug kan selfs van seën 'n vloek maak. Abram kies die pad van vrede. Selfs in die ingewikkeldste konflik is vrede altyd die beste opsie. Hierdie is 'n geloofskeuse en daarom laat Abram Lot eerste kies watter gebied hom geval.

Lot se keuse is egter geen geloofskeuse nie. Hy kies nie die land wat God belowe het nie, maar die streek buite Kanaän, oos van die Jordaanrivier. Lot se oorweging dui op 'n verkeerde oortuiging. In sy besluit word die tuin van die Here en Egipte sommer in dieselfde sin genoem! Hy onderskei nie meer tussen God se koninkryk en die wêreld nie. Sy manier van dink is reeds vertroebel. Hy laat hom deur sy eie selfsug lei. Sy gierigheid maak dat sy keuse sleg is. Die goddelose mense wat nou sy bure gaan word dra nie gewig in sy besluit nie. Hy soek voorspoed. Hy sien nie God se plan nie. Lot maak self 'n plan.

Dinge is dikwels nie so rooskleurig en belowend as wat dit met die eerste oogopslag lyk nie. Dit is juis daarom dat die mens na God se plan en sy wil moet vra wanneer moeilike besluite geneem moet word. Om 'n geloofskeuse te maak, beteken dat ons baie keer juis teen ons eie voordeel moet kies en op God se beloftes moet vertrou.

Abram en Lot skei van mekaar. Nadat Abram alleen agtergelaat is, verskyn die Here dadelik weer aan Abram. Hy herhaal die beloftes wat Hy voorheen gemaak het (Gen 12:2). God se plan gaan voort. Konflik en gierigheid kon dit ook nie stuit nie.

Sing: Psalm 34:1, 7

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)